RAADSBELEID

ONDERWERP : BENUTTING VAN MUNISIPALE SPORTGRONDE

VERWYSING : 17.7.R

BESLUIT NR : 32/10/2002 DATUM : 28 Oktober 2002

BELEIDSOOGMERK : Om alle Sportdissiplines regverdige gebruik van Sportgronde te gee.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Besprekings en betaling van sportvelde moet vroegtydig geskied sodat die nodige reëlings deur die Munisipaliteit getref kan word om die veld en verwante geriewe vir 'n bespreekte datum voor te berei en die nodige oortyd reëlings van die betrokke amptenare te reël. Daar moet ook verseker word dat sportvelde nie oorbenut word, wat lei tot verlaagde standaarde nie.

RIGLYNE

Sportvelde moet minstens **8 (agt) dae** voor die tyd bespreek en betaal word.

Gelde word verbeur indien kansellasies **minder as 3 (drie) dae** voor 'n bespreking geskied.

Indien sportvelde vir langer as die bespreekte tyd benut word, word die oortyd van die betrokke amptenaar(nare) van die skadeloosstellingsdeposito verhaal.

Die maksimum aantal ure wat per speelveld vir sokker of rugby gebruik word is **26 ure per maand of 312 ure per jaar** om te verseker dat die velde nie uitgetrap word nie. Sokker- en rugbywedstryde word nie vir korter periodes as **2 (twee) weke** uitmekaar, op dieselfde veld toegelaat nie, om verwarring van baanmerke te vermy.

Onwettige gebruikers word, nadat hul geïdentifiseer is, met 'n bedrag wat jaarliks aangepas word, beboet.

PROSEDURE

Aansoeker vir gebruik van sportvelde of stadions doen 'n bespreking en betaling op die voorgeskrewe aansoekvorm. Voor- en na-inspeksies word gedoen en engie skade wat tydens die huurperiode plaasgevind het, word van die skadeloosstellingsdeposito verhaal.

Die skadeloosstellingsdeposito of 'n gedeelte daarvan word na die huurperiode aan die huurder terugbetaal.

ROLLE

Die Parke en Rekreasie Afdeling is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

VERWANTE BELEID

Sportvoorsiening binne die Munisipale beleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.